



ELZETTE MINNAAR TOERE

Posbus 54107
Ninapark
0156
info@minnaartoere.co.za

Tel 012 546 0770
Tel 012 565 4883
Sel 082 761 7115
Faks 086 628 6146

www.minnaartoere.com

DRAKENSBERG TOER: NOORD, SENTRAAL EN SUID 23 – 28 MAART 2020



MA 23 MAART

Ons vertrek om 06:00vm vanaf die **Garden Court Hotel, Hatfield** hoek van **Pretorius en Endstrate**. Ons roete neem ons op die N3 tot by Villiers, Warden en Harrismith. Hier swaai ons weg in die rigting van die Drakensberge. Ons gaan tuis by Drakensville, 'n ATKV oord waar ons vir die volgende 2 nagte oornag. Hierdie oord is in die **Noordelike Berg** geleë met 'n wonderlike uitsig. Vir die res van die middag ontspan en geniet ons die oord, sy warm swembad en sy mooi omgewing. **Aandete** om 19:00. Ons leer mekaar ken en kuier lekker saam. **Aandete en oornag Drakensville Oord.**



DI 24 MAART

Vanoggend doen ons 'n kort staproete by die **Royal Natal Nasionale Park**. Hierdie roete is ongeveer **3.5 km** lank en eindig by 'n waterval. Die toerlede wat nie saam stap nie, kan by Drakensville bly of slegs 'n kort entjie stap en dan terugkeer na die bus. Ons stop by die **Mont-Aux-Sources Hotel** of 'n soortgelyke plek vir 'n ligte middagete (eie koste).



In die namiddag besoek ons die **Hidro-elektriese kragstasie** waar ons deur 'n plaaslike gids meer vertel word oor die projek. Ons kyk ook na 'n video en besoek die ondergrondse tunnels. Hierdie is 'n baie interessante projek. Wanneer daar, tydens die winter of 'n koue front, 'n groter aanvraag na elektrisiteit ontstaan, word die turbines aangeskakel en binne 'n paar minute word water vanaf die **Driekloofdam**, deur tunnels en deur die hidro-elektriese kragopwekkers gestuur, waarna die water na die **Kilburndam** loop. Die krag wat hierdeur opgewek word, is onmiddellik beskikbaar in die Nasionale Netwerk en dus kan daar in die groter behoefte voorsien word. **Aandete en oornag Drakensville Oord.**



WO 25 MAART

Na ontbyt vertrek ons na die **Sentrale Berg** wat deel is van die **uKhahlamba Drakensberg** wat op 29 November 2000 tot **Wêreld Erfenis Gebied** verklaar is. Daar is meer as **600** rotstekeninge in hierdie gebied. Op ons roete besoek ons die Matwewers en kersmakers. Hier kan ons ook sien hoe maak hulle die kerse. Ons besoek Thokozisa, waar daar 'n verskeidenheid van interessante winkeltjies is. Om **half vier** woon ons die **Drakensberg Seunskoor se gesogte uitvoering** by. Hierdie uitvoering vind plaas in die Auditorium van die skool. Daar is sitplek vir **600** mense en dit is in **1995** gebou.





Die Drakensberg Seunskoor is in 1967 gestig en het begin met 20 leerlinge wat hand uitgesoek was. Tans is daar ongeveer **100 leerlinge** tussen die ouderdomme van **9 en 15** jaar. Die koor het al opgetree in Amerika, Europa en in 'n hele aantal Afrika lande. **Aandete en oornag in die Sentrale Berg.**

DO 26 MAART

Na 'n heerlike ontbyt besoek ons Scrumpy Jack's Bees om meer te leer oor bye en hulle gewoontes. 'n Glas byekorfbord word ook besigtig. Om 11 uur woon ons 'n roofvoël vertoning by! Die vertoning vind plaas in die opelug en die uitsig oor die Champagne Vallei is ongelooflik mooi! Ons groet die **Sentrale Berg** en vertrek na die **Suidelike Berg**. Ons roete neem ons deur plekke soos **Estcourt, Howick, Mooirivier, Boston, Bulwer, Himeville, Underberg** tot by ons bestemming waar ons oornag. Laatmiddag ontspan ons en geniet ons die omgewing. **Aandete en oornag in die omgewing van Underberg.**

VR 27 MAART

Vandag is een van die **hoogtepunte** van ons toer wanneer ons met **4 x 4 voertuie** die **Sani Pas** aandurf. Die Sani Pas is die toegangsroete na "**Die dak van Afrika**". Ons handel die doeaneprosedures af en vertrek dan met die kronkelende pad dieper in Lesotho in. Die Sani Pas was eers 'n moeilike bergroete waarlangs smouse uit Basutholand wol en sybokhaar op donkies en muile vervoer het om dit te kom verruil vir komberse, klere, meliemeel, lewensnoodsaaklike items om te oorleef in die afgesonderde bergwêreld van die destydse Basutholand. Ons besoek ook 'n kultuurdorp bo-op die berg. U het geleentheid om middagete te eet in die kleinste kroeg in Afrika by Sani Pas. **Aandete en Oornag in die omgewing van Underberg.**

SA 28 MAART

Vroegoggend, na ontbyt, vertrek ons en reis deur die **Middellande** wat baie herinner aan Skotland. Ons besoek 'n **oulike padstal**. By Van Reenen besoek ons die kleinste **Rooms Katolieke Kerkie** in die wêreld. Hierdie kerkie is opgerig deur 'n vader ter nagedagtenis van sy seun wat oorlede is in 'n rotsstorting. Hy het **8 mense gered na die eerste rotsstorting** voordat hy in die tweede rotsstorting omgekam het. Hierdie kerkie het 8 sitplekke!

Ons arriveer in **Pretoria ongeveer 17:30**, met baie mooi herinneringe aan hierdie mooi deel van ons land.

Ons hoop dat hierdie voorsmakie u sal aanspoor om saam te toer. Ons sien uit daarna om u saam te neem op ons toer na die ongelooflike Drakensberge!

Op ons toere is daar altyd 'n aangename atmosfeer, ons luister na sagte rustige musiek op die bus, ons lag saam, gesels saam, ons gee goeie inligting oor die gebied en die besienswaardighede en ons sorg dat niemand eensaam en alleen voel nie!

Kom toer saam, u sal dit baie geniet!

DRAKENSBERG			23 – 28 MAART 2020	
Deposito	Prys	Enkelbybetaling	Vertrek om	Opklimpunt
R2 000	R8750	R1590	06:00 vm	Garden Court Hotel

Bankbesonderhede	<ul style="list-style-type: none"> • Naam van Rekening AMT • FNB Bank • Rek nr 626 168 615 07 • Takkode 254005
Verwysingsnommer	Gebruik asb die volgende verwysingsnommer: DRA gevolg deur u van bv DRAHanekom
Kontant inbetalings	<ul style="list-style-type: none"> • Moet asseblief nie kontant in ons rekening inbetaal nie. Maak asseblief gebruik van internet- of bank oorplasinge. • FAKS OF EPOS ASB DIE INBETALINGSTROKIE NA 086 628 6146 of info@minnaartoere.co.za MET U NAAM, VAN EN TOER WAARVOOR U DIE INBETALING GEDOEN HET.
Deposito	<ul style="list-style-type: none"> • Deposito van R2000 betaalbaar met bespreking. • Die balans is betaalbaar 30 dae voor die toer se vertrekdatum.
Paspoort	U het 'n paspoort nodig vir Lesotho om die Sani Pas dag uitstappie mee te maak.
Toerprys sluit in	<ul style="list-style-type: none"> • Vervoer in luukse bus met gordyne, lugreëling en Toilet • Baie goeie akkommodasie • Twee etes daaglik – ontbyt en aandete • Toegangsgelde vir die volgende besienswaardighede <ul style="list-style-type: none"> ○ Kort staproete - Koninklike Natalse Nasionale Park ○ Besoek aan Kragstasie ○ Drakensberg Seunskoor ○ Scrumpy Jacks Bees ○ Roofvoël vertoning ○ 4 x 4 rit Sanipas
Toerprys sluit uit	<ul style="list-style-type: none"> • Uitgawes van persoonlike aard • Middagetes • R80 pp footjie vir gidse & bagasiehantering tydens die toer • R80 pp bydrae vir busbestuurder
Belangrik	<ul style="list-style-type: none"> • Alle roetes, toerpryse en datums van toere en uitstappies is onderhewig aan verandering.

Hoop ons sien u op die toer!

Vriendelike groete,

Elzette Minnaar Toere